Die kentekens en voordele van ’n apostoliese gemeente

Om deel te wees van ‘n apostoliese, profetiese, geesvervulde, reformerende gemeente is ‘n uitdaging en nie maklik vir die vlees nie. Die diens begin nie altyd op tyd nie, almal gesels nog en die volgende oomblik aanbid, dans en juig die mense God se lof vol vreugde en passie. Mense neem deel in die diens, en sommige waag dit selfs om tydens die preek ’n bydrae te lewer. Jy word gereeld op die “spot” gesit, en gevra om te bid, te getuig, vir iemand te gaan bid, saam met die gemeente iets profeties uit te beeld, of om ’n woord te bring.

Vir die tradisionele kerkganger is dit “vreemd” of soos iemand eenkeer gesê het; “iets om aan gewoond te raak”. Baie kinders van die Here kan nie hardop voor mense bid nie, wat nog te sê preek. In die 26 jaar wat ek al in die bediening is, het ek dit al so baie ondervind dat wanneer dit by geestelike praktyke kom, skiet die meeste mense heeltemal te kort. Ons intellek is geoefen met kennis, ons ken die rituele en tradisies van die kerk uit ons kop uit en weet presies wat om te doen, maar wanneer dit kom by: dryf duiwels uit, bid vir siekes, lei iemand na die Here toe, bestraffing en korreksie, saam bid vir langer as ’n uur, dan het ons nie ’n kapasiteit nie. Want ons het nooit ons gees geoefen in die dinge van die gees nie. (Rom 8:4-6)

’n Apostoliese gemeente is ’n heeltemal gans anderse kerk. In plaas daarvan dat jy instap in ’n vakansie, hotel en restaurant omgewing, stap jy in ’n gimnasium in, ’n weermag ’n opleidingsveld.

By die restaurant tipe kerk, is jy net ’n verantwoordelik om te kom eet en jou mooi te gedra. In ’n apostoliese gemeente is elke aktiwiteit beplan om jou gees te oefen. Ons is geestelike wesens, maar ons doen bitter min om ons gees te laat ontwikkel en groei. Soos jou liggaam ook oefening en gesonde kos nodig het om optimaal te funksioneer het jou gees ook sekere oefeninge en input nodig. Net so min as wat jy “marmite” aan jou houtmeubels kan smeer en dink dit gaan die hout beskerm en gesond hou, kan jy nie net in ’n kerk sit een keer ’n week, ’n preek luister en dink jy gaan geestelik groei nie. Ons groei in die doen, nie die hoor nie!

Dank die Here vir elke kerk en vir elkeen se bydrae om die woord te verkondig en so die heerlikheid van God te versprei, maar kerk is meer as Sondagdienste bywoon.

’n Apostoliese/profetiese gemeente is konfronterend, en daar word gefokus om mense nie net by die Koninkryk te bring nie, maar om God se koninkryk in elkeen se lewe, gedrag, woorde, intellek en gesindheid te verwesenlik. Die koninkryk van God is nie ’n destinasie wat ons eendag gaan bereik nie. Ons wil die koninkryk/heerskappy van God nou vandag, en elke dag in ons lewens sien gebeur! Dissipelskap beteken om gedissiplineer te word. Hierdie dissipline is nie negatief nie, maar opbouend, helend en reformerend. Elke mens het blindekolle in sy/haar lewe waar ons ’n sekere bedryfstelsel het wat nie in lyn is met die Woord nie, en afbrekend en verwoestend in ons lewens inwerk. Deur hierdie misleiding aan te spreek en die individu te help om dit self raak te sien deur die leiding en werk van die Heilige Gees, bring bevryding mee! Daar is reuse genade met foute en baie tekortkominge in ’n apostoliese gemeente, solank elke persoon bereid is om korreksie te ontvang en die pad van genesing uit te loop.

In ’n apostoliese gemeente kan jy nie ’n toeskouer wees nie, jy moet deelneem, betrokke wees en van elke geleentheid gebruik maak om te groei. Mense het soveel verskonings om nie regtig by “DOEN” uit te kom nie. In ’n apostoliese gemeente gaan jy baie wettige verskonings kry. Want alles loop nie altyd vlot nie, ons probeer ook nie alles politoer en gerieflik maak vir die mense nie. Mense gaan jou te na kom, en uiteindelik gaan een van

die leiers jou definitief affronteer. Ons fokus is eenvoudig hoegenaamd nie ingestel op mense se gevoelens, hulle wil en smake of voorkeure nie. Alles gaan oor die wil en voorkeure van God en Hy alleen. Onthou net dat wanneer ons voor God gaan rekenskap gee oor ons dade, gaan ons nie kan verskonings aanbied oor hoekom ons nie gehoorsaam was nie! Jy gaan nie so en so kan blameer, en sê: "Ja maar so-en-so het my te nagekom, en was onbeskof en lelik, en hierdie persoon het dit verkeerd gedoen en daarom..." . Jesus Christus kyk regdeur ons verskonings en sien dat ons eintlik nie regtig bereid was om ons lewe op te offer nie. Om 'binne' verskonings te bly werk vir ons want nou hoef ek nie te doen, te offer, en saam te werk nie, ek kan rustig by die huis bly en teer op my bitterheid en seer, totdat al die vreugde en lewenssap uit my uitgeloop het, en ek iemand anders daarvoor die skuld kan gee.

Om die Here waaragtig te dien kos jou alles, dit kos jou lewe! Elke aspek van jou lewe! Jou finansies, jou gesin, jou tyd, jou drome en aspirasies!

'n Apostoliese gemeente is aktief besig in geestelike oorlogvoering. Die feit dat Jesus gesê het dat hy sal kerk sal bou en dat die hekke van die hel nie dit sal kan stuit nie, beteken nie dat satan nie gaan probeer om die kerk te stuit nie. Ons is nie in 'n geveg met boosheid direk nie, want satan is klaar verslaan, maar ons lewe in Christus in die geloof is 'n natuurlike opposisie en vyandskap teen boosheid. Ons lewe is oorlogvoering! Elke kind van God word daarom bemagtig en geleer hoe om die wapens van die gees te gebruik. Soos onder andere lofprysing en dans, Woord proklamasies gebaseer op profesie, gesonde leerstelling en grondwaarhede wat ons help om reg te dink en die regte perspektief oor sake te hê, gebed vanuit 'n regeerder perspektief, belydenis en vergifnis. In 'n apostoliese gemeente veg ons nie net vir mekaar nie, maar ons leer mense om self satan te weerstaan in hulle eie lewe.

Die verhoudings in 'n apostoliese gemeente is dieper. Ons begeerte is om in ons gesprekke en interaksie met mekaar dieper te gaan as die oppervlakkige. Dit is vir die meeste mense nie gemaklik nie. Ons is bang om onsself bloot te stel, en is deur die samelewing geleer om altyd ons beste voet neer te sit. Dieper verhoudings vra egtheid, wees jouself, haal af die maskers! Laat toe dat die mense om jou inspraak hê in jou lewe. Mense maak mekaar seer, en alhoewel ons dit nie moedswillig doen nie is nie ongewoon nie, kyk maar hoe gaan dit in die meeste huise, die kinders baklei en trek mekaar se hare... maar hulle bly nog familie! Kerk is familie; ons stoei en stry, praat dinge deur, gaan dieper, praat weer, en gaan nog dieper. Ons hou nie op om met mekaar te praat, totdat daar lig kom, en God ons harte genees en herstel nie. Dit bring mee dat daar 'n diep onsigbare band tussen die mense is.

In 'n apostoliese gemeente gaan dit nie oor hoeveel mense na ons kerk toe kom nie, maar hoeveel mense ons stuur. Hoeveel mense is gereed om as gestuurdes ander te gaan bedien! Ons Christenskap gaan nie net daaroor om gered te word en gered te bly nie, maar om uit te gaan en ander te gaan red! Elkeen is gestuur om in ons werksplek 'n invloed te hê op die mense om ons. As gestuurdes leef ons heeldag sensitief vir die Heilige Gees, om op die een of ander manier bruikbaar te wees, en sy koninkryk te verkondig aan elke mens.

Op die ou-einde kan jy baie kerke kry waar jy die Here kan gaan dien as 'n kompartement in jou lewe. Maar in 'n apostoliese gemeente gaan jy die Here moet dien, met jou alles! Ons is so bewus daarvan dat dit nie 'n gemaklike plek vir die vlees is nie, en het al soveel kere gesien dat mense liewers 'kies' om te gaan waar vir die vlees gemaklik is. Soveel mense wat al ons gemeente verlaat het, of nie deel wil wees nie, kies 'n plek waar dit gemakliker vir die vlees is, waar ons slegs toeskouers is, maar arm in die gees is. Ons is nie 'n gemeente sonder sonde nie, maar ons akkommodeer dit nie, as leiers praat ons reguit oor sonde en die hoe van vrymaking, ons duld nie rebellie nie en verstaan die planne en leuens

van die vyand. Ons is egter gefokus op Jesus Christus, die begin en voleinder van ons Geloof.

As Gemeente, as leiers en as individue is ons afhanklik van die Here om ons te verander, om Sy stem en inspraak te hoor, en te reformeer na Sy beeld, en sal ons aanhou vrymaking soek op elke gebied van ons lewens. Dis die uitdaging, soos van ouds, om van Jesus se bloed te drink en van Sy liggaam te eet. Ons is elkeen geroep en gestuur na die Olifantsriviervallei om vrymaking aan te kondig!!